KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME
TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE STOKVIS-HANDLYNVISSERY : 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAM GELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Sektorale profiel 4

3. Die proses van medium-termyn regte-toekenning 5

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6

5. Tydsduur 6

6. Nuwe inkomelinge 7

7. Evalueringskriteria 7

7.1 Uitsluitingkriteria 7

7.2 Balanseringskriteria 9

(a) Transformasie 9

(b) Belegging in die visseryf 9

(c) Visvangprestasie 10

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 11

7.3 Bemagtiging van stokvis-handlynvissers 11

7.4 Vangspogingtoekennings 11

8. Geskikte vaartuie 12

9. Multi-sektorale betrokkenheid 13

10. Aansoekgelde en heffings 13

11. Bestuursmaatreëls 13

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van die vissery 13

11.2 Bestuur op 'n streeksgrondslag 14

11.3 Toegang tot tradisionele lynvisvoorraad 14

12. Prestasiemeting 14

13. Waarnemer- en moniteringsprogram 15

14. Voorlopige lyste 15

15. Permitvoorwaardes 15

1. Inleiding

Hierdie is ‘n konsepbeleid oor die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die stokvis-handlynvissery en word uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur (“die Departement”) vir openbare kommentaar. Hierdie beleid moet saam gelees word met die Konsep van die Algemene Beleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 (“die Algemene Beleid”).

Soos gestel in die Algemene Beleid sal die Departement openbare vergaderings by kusdorpe hou om met die algemene publiek en in die besonder met belanghebbende en geaffekteerde partye oorleg te pleeg in verband met hierdie konsepbeleid. By hierdie openbare vergaderings sal kommentaar oor hierdie beleid aangevra word. Skriftelike opmerkings mag teen 11 April 2005 by die Departement ingedien word. Opmerkings wat na hierdie datum ingedien word, sal nie in aanmerking geneem word nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die stokvis-handlynvissery uiteen te sit. Baie van hierdie oorwegings is niks nuuts nie. Hulle is in die verlede toegepas deur die Departement by die toekenning van regte. Hierdie beleid bevat hierdie oorwegings maar ‘n paar veranderings en toevoegings, word ingesluit.

Bepaalde bestuursbeleidsrigtings verskyn ook in hierdie konsepbeleid. ‘n Bestuurshandboek vir

Stokvis-handlynvissery sal na oorleg met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die fynste besonderhede die bestuursmetodes en prosedures vir die vissery uitstippel. Die Departement is veral van voorneme om hierdie vissery op 'n streeksbasis te bestuur nadat langtermyn kommersiële visvangregte toegeken is.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om artikel 18-magte, om kommersiële visvangregte vir stokvis-handlynvissery toe te ken, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer

2. Sektorale profiel

Die stokvis-handlynvissery het langs die Kaapse suidelike kus ontwikkel, waar gedurende die laat 1980's tradisionele handlynvissers stokvis begin teiken het namate aanvraag vir prima gehalte ("PG") stokvis op die internasionale mark toegeneem het..

Aanvanklik het handlynvissers wat stokvis vang dekbote gebruik wat in staat was om oornag te opereer. Namate die vissery gegroei het, het sommige vissers skibote begin gebruik, wat oornag op die see kon uitbly en wat op 'n sleepwa gehys kon word en na gebiede gesleep kon word wat nader aan die stokvis se waters was. Die dekbote was tot hawens beperk. Deur skibote in te bring het vangspogings in die stokvis-handlynvissery aansienlik gegroei, veral omdat gebruik van hierdie vaartuie stokvis-handlynvissers in staat gestel het om die stokvis langs die Suid-Afrikaanse kuslyn te volg..

Gedurende die 1980's en 1990's was die visbedryf nie behoorlik gereguleer en bestuur nie. Die tekort aan 'n regulerende raamwerk, tesame met die verhoogde aanvraag na PG stokvis in die laat 1990's, het gelei daartoe dat 'n aantal persone, insluitende ontspannings- en kommersiële vissers wat by ander visserye betrokke was, hierdie vissery betree het om voordeel te trek uit die hoë pryse. Gedurende die laat 1980's is geskat dat stokvis wat per handlyn gevang is ongeveer 150 ton beloop het. Teen die 1990's het dit verhoog tot tussen 1 100 ton en 1 400 ton per jaar. Teen die jaar 2000 is ongeveer 5000 ton aan land gebring.

In Desember 2000 het die Minister 'n biologiese noodtoestand in die tradisionele lynvis-vissery aangekondig. Die Minister het ook besluit om die bestuur van die handlynvissery in drie aparte visserye te verdeel – die tunapaal-, die stokvishandlyn- en die tradisionele lynvis-vissery. In daardie jaar het die Minister ook vir die eerste keer in die stokvis-handlynvissery 'n Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) vir die vissery gestel. Die TOV beperk die aantal bemanning en vaartuie wat stokvis kan teiken deur middel van ' handlyn, tot 130 vaartuie en 785 bemanning. Verder is 'n voorkomende maksimum vangsperk (VMVP) van 5500 ton opsy gesit onder die globale totale toealaatbare vangs van stokvis.

Die Departement bestuur die stokvis-langlynvissery as deel van 'n "stokvis-kollektief". Ingevolge die WLMH word 'n globale totale toelaatbare vangs (TTV) vir stokvis jaarliks deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme bepaal. Die stokvis-handlyn- en –langlynvisserye deel 10 persent van die globale TTV. Die diepsee stokvis-treilervissery word 83 persent van die TTV toegeken en die res word gevang deur die stokvis-kustreilervissery. Tot 2004 is 1 000 ton opsy gesit vir buitelandse vissers. Hierdie toekenning word egter gestaak.

Die stokvis-handlynvissery word is bedrywig uit klein visserhawens en vanaf glybane langs die Suid-Kaapse en Oos-Kaapse kus, so ver noord soos Port Alfred. Die handlynvissery, soos die stokvis-langlynvissery, vang PG-stokvis vir uitvoer na Europa. Die vissery is bedrywig in kuswaters waar vlakwater-stokvis*, Merluccius capensis* geteiken word.

Stokvisvoorraad word tans bestuur ingevolge 'n herwinningstrategie en die TTV vir stokvis word jaarliks verminder sedert 2003. Huidige vangkoerse van vlakwater-stokvis is nie volhoubaar nie..

3. Die proses van medium-termyn regte-toekenning

In 2003 het die Departement 86 kommersiële stokvis-handlynvisvangregte toegeken. Die regte het 86 vaartuie en meer as 700 bemanning gemagtig om stokvis te teiken volgens die handlynmetode. Dit was die eerste keer dat kommersiële visvangregte in hierdie vissery toegeken is en die eerste keer dat die stokvis-handlynvissery onderhewig was aan omvattende regulering.

Die doel van die proses vir medium-termyn toekenning is om kommersiële stokvis-handlynvisvangregte aan vissers toe te ken wat van die vissery afhanklik is vir hulle bestaan. Alle moontlike pogings is gemaak om ontspannings- of deeltydse vissers, wat inkomste uit ander visvangbedrywe verkry of wat in ander sektore van die ekonomie in diens is, uit te sluit.

Uit die regte toegeken is 26 persent aan swartes toegeken. Ongeveer 25 persent van die kapteins in hierdie vissery is swart terwyl 76 persent van die bemanning swart is.

Die meeste regtehouers is individue. Wetlike entiteite soos beslote korporasies en maatskappye vorm 'n klein persentasie van die regtehouers. Al die regtehouers in die vissery kan as ondernemings van klein- of mediumgroote (KMO's) beskryf word.

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte vir die toekenning van langtermyn visvangregte in die vissery is om:

- Die transformasieprofiel van die stokvis-handlynvissery aansienlik te verhoog;
- Regte aan stokvis-handlynvissers toe te ken wat op stokvis-handlynvissery vir hulle bestaan staatmaak;
- Te verseker dat aansoekers wat gebaseer is in vissershawens wat histories met stokvis-handlynvangste verbind word 'n billlike deel van die regte ontvang;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

5. Tydsduur van regte

Met inagneming van die transformasieprofiel van die vissery is die Departement van voorneme om kommersiële regte vir 'n tydperk van agt jaar (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2013) toe te ken, onderhewig aan hersiening met gereelde tussenposes teen voorafbepaalde

prestasiekriteria, insluitende die bereiking van ooreengekome transformasiedoelwitte (**sien paragraaf 12 hier onder**).

6. Nuwe inkomelinge

Die stokvis-handlynvissery het tans te veel deelnemers. Daar is veel meer handlynvissers as wat die bron kan ondersteun. Die swak transformasieprofiel van hierdie vissery tesame met die feit dat baie stokvis-handlynvissers, veral swart kapteins, nie in 2001 aansoek gedoen het om kommersiële regte nie, beteken egter dat regte toegeken sal word aan 'n aansienlike aantal nuwe inkomeling-aansoekers.

7. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word ingevolge 'n stel "*uitsluitingskriteria".* Aansoekers wat regte hou en nuwe inkomeling-aansoekers sal dan apart oorweeg word volgens 'n stel gelaaide "*vergelykende balanseringskriteria".* 'n Afsnypunt telling of rang sal dan bepaal word om die suksesvolle aansoekers te selekteer. 'n Gedeelte van die TOV sal aan elk van die suksesvolle aansoekers ingevolge 'n stel "*kwantumkriteria"* toegeken word.

7.1 Uitsluitingskriteria

Buiten die kriteria beskryf in die Algemene Beleid, wat betrekking het op die onbehoorlike indiening van aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen, uitsluit:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat geïnkorporeer is ingevolge die Wet op Beslote Korporasies van 1984 en van individue (d w s eenmansake of natuurlike persone). Aansoeke van trusts en maatskappye sal nie in aanmerking kom nie.

(b) **Voldoening:** Voldoening aan die bepalings van die WLMH, insluitende die

regulasies daarby, word beskou as van uiterste belang. Aansoekers, insluitende hulle lede, wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding ingevolge die WLMH (sonder die opsie om ‘n boete te betaal) sal nie ‘n stokvis-handlynvisvangreg ontvang nie. Aaansoekers, insluitende hulle lede, wie se visvangregte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne sal ook nie ‘n stokvis-handlynvisvangreg toegeken word nie. Ander oortredings van die WLMH sal evaluering van die aansoeke negatief beïnvloed.

(c) **Papierkwota’s:** Papierkwota’s soos omskryf in die Algemene Beleid sal uitgesluit word. Ongeag die meriete van die individuele aansoeke sal groot groepe identiese of substansieel soortgelyke aansoeke wat deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite geborg word, uitgesluit word as fronte vir papierkwota’s,.

.

(d) **Nie-gebruik:** Daardie regte-houers wat versuim het om hulle medium-termyn kommersiële stokvis-handlynregte tussen 2003 en 2004 te gebruik, sal nie weer ‘n reg toegeken word nie.

(e) **Persoonlike betrokkenheid by die oes van die hulpbron:** Aansoekers sal moet demonstreer dat hulle op voltydse basis in die stokvis-handlynvissery betrokke is. Van hulle sal verwag word om aan te toon dat hulle aktiewe vissers is en deelneem aan die bedryf van besighede in die stokvis-handlynvissery.

(f) **Afhanklikheid van die bron:** Bestaande regtehouer aansoekers wat nie afhanklik is van die stokvis-handlynvissery vir minstens 75 persent van hulle bruto-inkomste per jaar nie, sal uitgesluit word. Potensiële nuwe inkomelinge sal hulle historiese afhanklikheid van die stokvis-handlynvissery vir hulle bestaan moet kana aantoon. Aansoekers wat enige inkomste uit bronne buite die visvangbedryf verkry sal uitgesluit word.

(g) **Toegang tot vaartuig:** Aansoekers sal ‘n reg van toegang tot ‘n geskikte vaartuig

moet aantoon (**sien paragraaf 8 hier onder).**

7.2 Balanseringskriteria

Aansoekers wat regte hou en potensiële nuwe inkomelinge sal evalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word om die sterkte van elk van die aansoeke te bepaal:

(a) Transformasie

Tans is slegs 26 persent van die regtehouers in hierdie vissery in swart besit. Ongeveer 25 persent is onder swart bestuur.

Aansoekers wat individue is sal punte behaal op die feit of hulle swart is al dan nie. Aansoekers wat beslote korporasies is sal aangeslaan en punte toegeken word op grond van die volgende -

- Die persentasie swart- en vroue-verteenwoordiging op eienaarskaps- en bestuursvlakke (veral ten opsigte van kapteins);
- Of werknemers lede is van die aansoeker en die strekking van hulle voordele;
- Regstellende aankope;
- Of voldoen word aan die Wet op Heffings van Vaardigheidsontwikkeling, 9 van 1999; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die vissery

Aansoekers sal evalueer word met inagneming van beleggings gemaak in die stokvis-handlynvissery.

Bestaande regtehouers aansoekers sal beoordeel word as volg:

- Belegging in vaartuie teen 31 Desember 2004 sal erken word, solank die belegging demonstreer dat daar ‘n werklike toewyding is om in die sektor deel te neem. Aansoekers wat regte hou sal nie beloon word omdat hulle vragooreenkomste of vangste- of koopooreenkomste aangegaan het nie.
- Belegging in bemarkingsinisiatiewe sal in aanmerking kom. Die Departement sal in aanmerking neem of die aansoeker in staat is om stokvis te bemark.

Nuwe inkomeling-aansoekers sal moet aantoon dat hulle in ‘n vaartuig belê het en op watter wyse. Verder moet nuwe inkomeling-aansoekers wys of hulle toegang tot markte het..

(c) Visvangprestasie

Aansoekers wat regte hou sal evalueer word met inagneming van hulle prestasie in die stokvis-handlynvissery gedurende die proses van medium-termyn regtetoekenning. Aansoekers wat regte hou en wat tradisionele lynvis geteiken het eerder as stokvis, sal gepenaliseer word.

Nuwe inkomeling-aansoekers sal evalueer word met inagneming van hulle vermoë, kennis en vaardigheid om stokvis te teiken volgens die handlynmetode..

(d) Werksgeleenthede

Regtehouer aansoekers, wat kan demonstreer dat hulle tydelike of permanente werk gedurende die medium-termyn tydperk verskaf het, sal beloon word.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Belegging in 'n aantal kleiner kusdorpies in Suid-Afrika is nodig vir ekonomiese groei. Gevolglik sal die Departement daardie aansoekers verkies wat hulle vangste aan land bring in die hawens langs die Kaapse suidkus en die Oos-Kaapse kus wat histories met stokvis-handlynvissery geassosieer is.

(f) Historiese betrokkenheid

Aansoekers wat regte hou en potensiële nuwe inkomelinge sal beloon word vir historiese betrokkenheid by die vissery. 'n Voorbeeld van historiese betrokkenheid is 'n kaptein of 'n lid van die bemanning wat tevore in die handlyn-vissery gewerk het.

(g) Voldoening

Geringe oortredings van die WLMH, die Regulasies en permitvoorwaardes sal negatief aangeteken word. Regtehouer aansoekers, wat nie kan bewys dat hulle voldoen aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998, die Wet op Heffings van Vaardigheidsontwikkeling, 9 van 1999 en die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993 nie, 'n negatiewe puntetoekenning kry.

7.3 Bemagtiging van stokvis-handlynvissers

Die Departement sal van alle visvangbemanning wat van voorneme is om op stokvis-handlynbote te werk, verwag om by die Departement te registreer op die Stokvis-handlynbemanningslys. Daardie aansoekers wat suksesvol is in hulle aansoek om 'n stokvis-handlynvisvangreg sal hulle bemanningslede moet kies uit diegene wat op die Stokvis-handlynbemanninglys voorkom.

7.4 Vangspoging toekennings

In 2003 is een vaartuig per suksesvolle aansoeker toegeken. Die Departement is van

voorneme om die allokasie van vangspoging in die stokvis-handlynvissery te hersien.

Ten eerste sal die Departement bemanning toeken, gebaseer op die maksimum bemanningstal wat gemagtig word deur die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheids Vereniging (SAMVV). Die Departement sal 'n poel van ongeveer 15 vaartuie reserveer om toe te ken aan suksesvolle aansoekers wat getransformeer is en wat in stokvis-handlynvaartuie belê het. Die Departement sal een vaartuig aan elke suksesvolle aansoeker toeken. Die poel gereserveerde vaartuie sal toegeken word aan daardie suksesvolle aansoekers wat die hoogste telling in die transformasiekriteria ontvang het en wat meer as een vaartuig aangevra het.

Tweedens, hoewel hierdie vissery bestuur word ingevolge 'n TTV (130 vaartuie en 785 bemanningslede) word 'n voorsorgsmaksimum TTV van 5 500 ton ook gebruik om die vissery te bestuur. Rekords wys dat gedurende die medium-termyn tydperk hierdie voorsorgmaksimum TTV nie bereik is nie. Gevolglik kan die Departement in die toekoms effe meer visvangregte toeken, met dien verstande dat sodra die vissery 5 500 ton aan land gebring het, alle stokvis-handlynvissery gestaak word vir daardie seisoen.

8. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die stokvis-handlynvissery is 'n vaartuig wat:

- 'n minimum SAMVV-gesertifiseerde lengte van ongeveer vyf meter en 'n maksimum SAMVV-gesertifiseerde lengte van ongeveer 12 meter het. In wese sal die Departement regte aan skibote en dekbote toeken;
- 'n werkende vaartuigmoniteringstelsel het; en
- gesertifiseer is as synde voldoen aan HACCP ("Hazard Analysis and Critical Control Point").

9. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die stokvis-handlynvissery (insluitende hulle lede) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in enige ander vissery te hou nie. Regtehouers in die stokvis-handlynvissery sal egter by magte wees om snoek te teiken..

10. Aansoekgelde en heffings

Die aansoekgeld vir die stokvis-handlynvissery sal bepaal word met inagneming van:

- die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, kontrolering, appèlle en hersiening. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is tydens die medium-termyn proses as riglyn dien; en
- die waarde van die vis wat gedurende die duur van die reg toegeken word.

Die jaarlikse heffings wat betaalbaar is met ingang van 1 Januarie 2006 sal hersien word na oorlegpleging met geaffekteerde en belanghebbende partye.

11. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek word wys op 'n paar van die Departement se hoofdoelstellings met die bestuur van die vissery, na die toekenning van regte.

11.1 Ekostelselbenadering tot bestuur van visvangbedryf

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die vissery (EBV). 'n Ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erken dat visvang en aanverwante aktiwiteite 'n impak het op die groter mariene omgewing. Die EBV sal verder uiteen gesit word in die Bestuurshandboek van die Stokvis-handlynvisvangbedryf. Suid-Afrika bly verbind tot die teikendatum van

2010 om ‘n EBV in die kommersiële visserye in werking te stel.

11.2 Bestuur op ‘n streeksgrondslag

Die Departement is voornemens om die bestuurstrategie van hierdie vissery te verander na afloop van die toekenning van langtermyn visvangregte. Dit is die voorneme van die Departement om hierdie vissery op streeksgrondslag te bestuur, wat die beweging van vaartuie binne bepaalde streke beperk..

11.3 Toegang tot tradisionele lynvisvoorraad

Stokvis-handlynvissers sal nie toegelaat word om tradisionele lynvisvoorraad soos kabeljou (*Argyrosomus* spp.) en geelbek (*Atractoscion aquidens*) te vang nie. Stokvis-handlynvissers sal egter toegelaat word om snoek te teiken wanneer dit beskikbaar word.

.

12. Meet van prestasie

Die Departement sal prestasiemeting toepas vir die duur van die kommersiële visvangregte. Daar word beoog dat die eerste prestasiemeting na ‘n jaar en daarna na elke drie jaar sal plaasvind.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet word na die toekenning van die kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met regte-houers sal finaliseer, kan die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie, bemarking en toerusting;
- voldoening aan toepaslike wette en regulasies.

13. Waarnemer- en moniteringsprogram

Die Departement se huidige moniteringsprogram sal na hierdie vissery uitgebrei word. Van regtehouers sal vereis word om die koste van die waarnemer- en moniteringsprogramme te dra..

14. Voorlopige lyste

Voordat die Departement finaal besluit aan wie regte toegeken sal word om deel te neem aan die stokvis-handlynvissery, sal 'n voorlopige lys van suksesvolle aansoekers uitgereik word. Die voorlopige lys sal na alle visvanggebiede gesirkuleer word. Belanghebbende en geaffekteerde partye in hierdie gebiede kan dan die Departement inlig of enige persone wat histories stokvis gevang het met die handlynmetode, weggelaat is uit die voorlopige lys.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes van toepassing op hierdie visseryf vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om op hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.